

## **Transformasie van die samelewing: herverbeelding van die rol van Afrika-universiteite in die bevordering van openbare welsyn**

**Aslam Fataar\***

Afrika-universiteite staan by 'n beslissende kruispad. Hulle is gevestig as instellings wat aan die openbare belang en nasiebou toegewy is, maar word nou gedruk om voorkeur aan markgedrewe agendas te verleen. Hierdie verskuiwing laat vrae ontstaan oor of Afrika-universiteite steeds aan die behoeftes van hul samelewings kan voldoen en of hulle al hoe meer globale mededingendheid ten koste van plaaslike relevansie prioritiseer. Die uitdaging is dringend: Kan hierdie universiteite hul missie om die openbare welsyn te dien terugeis, en indien wel, hoe?

Oor die afgelope dekades het ekonomiese druk en afnemende staatsbefondsing Afrika-universiteite genoop om hulle na private finansieringsbronne wend. Hierdie strukturele aanpassing, wat in die 1980's begin het, het meegebring dat instellings staatmaak op klasgelde, private skenkings en mededingende toelae, wat hul missie met betrekking tot die generering van inkomste wysig. In talle gevalle het hoër onderwys 'n kommoditeit geword, met studente wat as verbruikers beskou word en universiteite wat hul rol met die eise van 'n geglobaliseerde, markgeoriënteerde wêreld laat strook.

Vandag is talle Afrika-universiteite se fokus op die verbetering van hul internasionale reputasie, met die klem op die globale ranglys en maatstawwe wat met navorsingsuitset en die generering van inkomste verband hou. Hierdie ingesteldheid hou egter die gevaar in om universiteite van hul samelewings te distansieer, omdat voorkeur dikwels verleen word aan dinge wat finansiering lok bo dit wat die onmiddellike openbare welsyn dien. Deur globale modelle aan te neem kan instellings versuim om die unieke realiteite van hul plaaslike kontekste aan te pak.

### **'n Ander denkbeeld van Afrika-universiteite**

Die kern van hierdie kwessie is die behoefte aan 'n samehangende visie, of alternatiewe "denkbeeld", vir universiteite. Die heersende denkbeeld wat talle Afrika-instellings vorm, plaas die klem op ekonomiese gewin, navorsingsprestige en private voordele bo maatskaplike verantwoordelikheid. Hierdie neoliberalle benadering heg waarde aan finansiële lewensvatbaarheid en gee voorkeur aan doelwitte soos die verkryging van navorsingsbefondsing, om studente te lok wat baie studiegeld betaal en om op die ranglys te klim. Maar hierdie model het universiteite se maatskaplike missie verwater en hul toewyding tot die dien van die openbare welsyn en om tot maatskaplike ontwikkeling by te dra, laat afneem.

Dis 'n stryd om 'n alternatiewe denkbeeld te laat posvat – een wat Afrika-universiteite opnuut op inklusiwiteit, billikheid, maatskaplike betrokkenheid en ontwikkelingsbeginsels laat fokus. Ek ontwikkel so 'n alternatiewe denkbeeld vir Afrika-universiteite in 'n hoofstuk (sien Fataar, 2023). Volgens hierdie perspektief moet die herverbeelding van universiteite gegrond wees op die realiteite van hul samelewings deur hul kennis, hulpbronne en navorsingskapasiteit te gebruik om dringende samelewingskwessies aan te pak. Hierdie visie beklemtoon die integrasie van Afrika-tale, -kulture en inheemse kennis in kurrikulum en navorsing. Die aanvaarding van hierdie elemente kan 'n meer inklusiewe omgewing aanmoedig wat die diverse bevolkings van die Afrika-kontinent weerspieël en dien.

Hierdie benadering behels die aftakeling van koloniale nalatenskappe wat Afrika-universiteite lank beïnvloed het, veral dié wat Westerse raamwerke en Engels as die dominante onderrigtaal bevoorreg het. Afrika-tale, -kultuur en inheemse kennis beskik oor 'n magdom hulpbronne wat akademiese diskopers kan verryk en onderwys meer relevant kan maak. Deur hierdie bates te benut kan universiteite hul bande met die samelewings verbeter en onderwys meer toeganklik en relevant vir 'n groter segment van die bevolking maak.

Afrika-universiteite het 'n unieke geleentheid om 'n model aan te neem wat maatskaplike ontwikkeling en openbare diens as kernelemente prioritiseer. Deur te fokus op kritieke velde soos openbare gesondheid, volhoubare landbou, ingenieurswese, ekonomiese wetenskappe, onderrig, regte en die geesteswetenskappe – gebiede waar akademiese navorsing aansienlike samelewingsvoordele kan oplewer – kan hierdie instellings 'n eng klem op globale ranglyste en navorsingsprestige te bowe kom. Sodoende kan hulle hul toewyding tot die bevordering van maatskaplike welsyn herbevestig, wat maatskaplike ontwikkelingsvennootskappe as 'n sentrale eerder as 'n perifrale aspek van hul missie posisioneer.

Universiteite kan byvoorbeeld in samewerking met plaaslike organisasies en gemeenskappe die leiding neem in gemeenskapsgesondheidsinisiatiewe wat die uitbreiding van toegang tot gesondheidsorg en die verbetering van gesondheidsuitkomste nastreef. Deur hierdie vennootskappe in die kernaktiwiteite van hul fakulteite, departemente en navorsingsentrums te integreer, kan universiteite betekenisvolle, volhoubare bydraes tot maatskaplike welstand lewer en sodoende hul identiteit versterk as openbare instellings wat aan die algemene welsyn toegewy is. Deur hierdie geïntegreerde benadering te omarm, kan Afrika-universiteite transformatiewe verandering aanspoor en as onmisbare vennote in die ontwikkeling van hul gemeenskappe dien.

### **Afrika-universiteite en 'lewenslange kennis'**

Hierdie benadering werg ook 'n herbesinning oor die rol van kennis self. Afrika-universiteite kan bevorder wat Barnett en Bengtsen (2020) as "lewenslange kennis" beskryf, met die klem op onderrig en navorsing wat die breër maatskaplike welsyn dien.

In hierdie model werk studente en fakulteite met gemeenskappe saam om oplossings vir dringende kwessies te ontwikkel en verleen voorkeur aan navorsing wat mense se lewe direk raak. Hierdie benadering demokratiseer kennisproduksie en help universiteite om aanspreeklik te bly teenoor die samelewings wat hulle dien. Deur hulself in maatskaplike of gemeenskapsbehoeftes te anker, kan universiteite verby die kommodifikasie van onderwys beweeg en hul doelwit as instellings vir die openbare welsyn hervestig.

"Lewenslange kennis" impliseer ook 'n meer inklusieve benadering tot onderrig, wat die stemme van gemarginaliseerde groepe in Afrika-samelewings versterk. Dit sluit skakeling in met landelike bevolkings, lae-inkomste gesinne en gemeenskappe wat tradisioneel nie toegang tot universiteitsruimtes het nie. Deur op inklusieve onderrig en diverse kennisproduksie te fokus kan Afrika-universiteite nuwe perspektiewe na hul akademiese landskappe bring, wat 'n dieper begrip van maatskaplike kwessies bevorder. Hierdie model bemagtig studente ook om agente van verandering binne hul samelewings te word, wat hulle toerus met vaardighede en perspektiewe om uitdagings wat hulle eerstehands ken, aan te pak.

Afrika-universiteite het ondanks die sterk trekkrag van privatisering en markgedrewe prioriteit lewensvatbare alternatiewe. Deur die fokus te verskuif van 'n oorheersende klem op die generering van inkomste – wat noodsaaklik vir volhoubaarheid is – en die najaag van die globale ranglys, kan hierdie instellings hul rol herbevestig as openbare entiteite wat aan die maatskaplike belang toegewy is. Hierdie benadering negeer nie die belangrikheid van finansiële stabiliteit, internasionale samewerking of globaal erkende navorsing nie; maar bepleit eerder 'n gebalanseerde strategie wat hierdie strewes in stand hou, tesame met 'n toewyding tot plaaslike behoeftes en die bevordering van 'n samelewingsgesentreerde opvoedkundige model.

Om Afrika-universiteite vir die openbare welsyn terug te wen sal visioenêre leierskap, ondersteunende beleide en volgehoute pogings verg om die bekoring van globale aansien en winsgewendheid te weerstaan. Die beloning sal egter groot wees. Deur terug te keer na hul wortels as samelewingsgesentreerde instellings, het Afrika-universiteite die potensiaal om kragtige agente van maatskaplike vooruitgang te word deur ongelykheid aan te pak, volhoubare ontwikkeling te bevorder en leiers te kweek wat daaraan toegewy is om billike verandering te bevorder.

Sodoende kan Afrika-universiteite 'n produktiewe toekoms vir die vasteland laat vorm aanneem, waar hoër onderwys toeganklik en inklusief is en direk op maatskaplike behoeftes reageer. Hierdie visie hou die belofte in om van Afrika-universiteite 'n bron van hoop, veerkrachtigheid en bemagtiging vir samelewings regoor die vasteland te maak.

*\*Aslam Fataar is 'n navorsingsprofessor in hoëronderwystransformasie in die Departement Onderwysbeleidstudies aan die Universiteit Stellenbosch.*

### **Verwysings**

Barnett, R., & Bengtsen, S. (2020). *Knowledge and the University: Reclaiming Life*. London and New York: Routledge.

Fataar, A. (2023). Placing knowledge at the centre of the 'alternative public good' of African universities. In E. Tewoldegiorgis, S. Motala, & P. Nyoni (Eds.), *Creating the New African University*. Leiden: Brill.